

Spoor

deur

ilne fourie



Opvoerrechte/Kopiereg berus by Ilne Fourie (e-pos: ilnefourie@gmail.com)

Verhoogplan




Die buitelyne van 'n klein dorpie word op 'n wit lap gedruk/geprint. Dorpie kan van swart karton ook wees en op die lap geplak word. Hierdie lap word geheg aan 'n raamwerk, verkieslik wit PVC-pype wat maklik vervoer kan word, en vorm deurentyd die agtergrond van die toneelstuk. Wanneer dit van agter af belig word word die dorpie belig en kan gebruik word vir skaduspel en spesiale effekte. Dit is baie belangrik dat daar 'n treinspoor sigbaar is.

Tant Anna se Huis

2 x gemakstoel/riempiesstoel

Koffietafel

Speelgoedtrein




Polisiekantoor

1 x lessenaar

2 x stoele

Leërs en papiere



Treinspoor

2 x flitse

Steenkoolkamer

Swartsakke vol rommel

Karakters:



Smittie/Konstabel Smit

Smit is die jong konstabel op Velddrift. Hy is in sy twintigs en het nog nooit regtig 'n meisie gehad nie. Hy is saggeard, vriendelik en goedgeelowig. Hy neem sy werk ernstig op en kan soms naïef wees. Terggees.



Inspekteur Katryn

'n Jong mooi vrou. Sterk en dinamies met baie dryfkrag. Sy kan soms hard voorkom, sy is gewoon aan die ongenaakbare stadslewe en sy seer en het al vele brutale moordtonele gesien en ondersoek.



Tant Anna

Oud en afgerem, maar met 'n hart van goud. Sy woon al vir jare op Velddrift en ken geen ander lewe nie. Sy kan met tye kwaai wees, reguit en op die man af - sy draai nie doekies om nie. Haar man was die stasiemeester op Velddrift, maar is oorlede in 'n

fratsongeluk. Sy versorg haar verstandelike gestremde seun Jannie op haar eie. Sy is baie lief vir Smittie. Hy is vir haar soos haar eie kind. Die kind wat sy nie meer het nie.



Jannie


Mooi seun, ongeveer 16 jaar oud, maar met die emosionele intelligensie van 'n 6 jarige. Hy het van een van die treintrokke se waens afgeval en breinskade opgedoen. Na die ongeluk kan hy nie meer ordentlik praat nie, sy r'e spreek hy uit met 'n L. Baie lief vir sy ma. Priemende oë. Obsessie met treine. Hy was die een wat op sy pa se ligaam afgekom het.



Pietertjie

Een van die dorp se moeilikheidmakers.
Ongeveer 12 jaar oud.

Tekening van Jannie



DEKOR

TANT ANNA SE HUIS



INSPEKTEUR KATRYN SE KANTOOR



Toneel 1 – Tant Anna se huis

Die verhoog is donker, slegs die dorpie is sigbaar met 'n lig wat die skerm/doek van agter af belig. Die geluid van 'n trein wat fluit is hoogbaar asook die klik-klak van die wiele op die spore. Tesame met die geluide van die trein wat aankom is daar iemand wat saggies “Kimberley se trein” fluit. Konstabel Smittie stap fluit-fluit die verhoog op. (fluit Kimberley se trein), hy is duidelik in 'n baie goeie bui. Hy trek versigtig sy das netjies en vee 'n slag oor sy hare terwyl hy glimlag.

SMITTIE: *(vir homself)* Ou Smittie, vandag sal jy jou storie moet ken ou perd! 'n Man weet ook nou nie aldag hoe lyk die ander manne in die stad nie, maar met hierdie smile *(glimlag breed)* trek sy sommer vanaand al Velddrift toe. *(hy roep opgeruimd)* Knock! Knock! Tant Anna! Hallooo! Waar is die mense! Knockedy knock!

TANT ANNA: *(skreeu van agter af)* Jis, wies da?

SMITTIE: Yours truely tant Anna!

TANT ANNA: Wie? Rek jou bek en praat man!

SMITTIE: *(afgehaal)* Dit ek Tant Anna.

TANT ANNA: Ek is Gek of gevrek! Wies jy?

SMITTIE: Dit is Smittie Tant Anna.

TANT ANNA: *(kom ingestap met 'n vadoek en 'n bak perkes)* O dis jy Smittie.

SMITTIE: Maar ek sê mos so.

TANT ANNA: Nou wat soek jy?

SMITTIE: Groet tante dan nie?

TANT ANNA: Môre Smit. Wat storie jy?

SMITTIE: Maar tante lyk alte fraai vanmôre! Tante se wangetjies is omtrent net so rooi soos daai appelkose sinne.

TANT ANNA: Dis perkes Smit.

SMITTIE: Ag tant Anna, soos Shakespeare mos sê: (*dramaties met 'n swaar Afrikaanse aksent*) A name? O what's in a name...(*sak neer op sy een knie*) your name smells just as sweet and nice as any others name...of nee wag...just as sweet as by any other rose...(*staan verleë op*) of so iets...

TANT ANNA: Is jy siek?

SMITTIE: Nee tante. Ek het nog nooit beter gevoel nie!

TANT ANNA: Gmf! Dit lyk vir my jy het katelkoors.

SMITTIE: Nooit nie tante! Het tante 'n nuwe rokkie aan? Tante lyk kompleteet soos 'n lentebloeiseltjie vanmôre!

TANT ANNA: Wat soek jy Smit?

SMITTIE: Haai tante, kan 'n man dan nie eers meer 'n kompliment gee nie?

TANT ANNA: Ek ken mans Smit. As hulle eers beginne mooi broodjies bak en die heuningkwas uithaal dan kan jy maar weet – hulle soek iets. Jou bek is al so taai die brommers draai al sirkels bo jou kop!

SMITTIE: (*waai vererg na 'n vlieg bo sy kop*) Ag is nie Tante. Tante is gemeen. Ek probeer maar net...

TANT ANNA: Net wat?

SMITTIE: Ag vergeet dit. Het tante koffie?

TANT ANNA: Jy sien! Ek het dit geweet. Jy soek iets. Sit Smit. Ek bring.

SMITTIE: Dankie Tante. En 'n ou koeksistertjie?

TANT ANNA: Ja Smit. Jy sal moet toekeel eet aan daai koeksisters. Kyk hoe span jou broek se knope al!

SMITTIE: (*terg haar*) Haai! Nou waar kyk tante!

TANT ANNA: Ag man! Gaan skyt op die ys! Hoeveel suiker? (*loop af*)

SMITTIE: Drie tante.

TANT ANNA: Drie? Liewe jimmel, jy gaan suikersiekte kry!

SMITTIE: Daai een ekstra is net vir so bietjie liefde tante.

TANT ANNA: Nou het ek ook alles gesien.

SMITTIE: Waar is Jannie tante?

TANT ANNA: Hy is besig daar onder die perskeboom. Bou glo 'n treinspoor met die perskepitte wat ek uitgehaal het. Ek wil hierdie geelperskes inlê vir die basaar. Moenie in die kombuis kom nie. Sit. Die hele plek lê vol skille.

SMITTIE: Is hy nog so erg oor die treine?

TANT ANNA: Moenie vra nie. *(kom in met 'n skinkbord en koeksisters)* Die kind dryf my teen die mure uit. As ek nie keer nie, neuk hy nog voor die goed in.

SMITTIE: Wag ek vat by tante. *(staan op en vat die skinkbord)*

TANT ANNA: Van die môre tot die aand is dit net treine, treine, treine....*(sug diep)* en nou bly ons nog langs hierdie godverdomme treinspoor! Ek het geen rus vir my siel nie. Jannie ook nie.

SMITTIE: Nou wat het die treinspoor met Jannie uit te waai tante?

TANT ANNA: Jy vra nog! Hy raak soos 'n mal dier! Skreeu en kwyl, oë wat omdop en terugrol in hulle kaste, byt homself flenters...skop teen die deur vas....hy wil voor die trein indonder Smit. Ek sê jou hy wil! As die trein kom roep hy sy pa. Hy soek hom Smit. Hy soek hom, daar waar hy hom laaste gekry het.

SMITTIE: Haai tante! Dit is mos nie normaal nie.

TANT ANNA: Maar ek sê dit mos al lankal. Maar julle luister nie. Julle almal hier op Velddrift kyk ander pad. Julle sien vir my en Jannie elke tweede dag in die dorp, julle sien ons sit in die kerk. Tant Anna en die Malle. Julle kyk met toe oë Smit. Julle weet nie watter kruis dra hierdie huis nie. Ons het al swaar gehad Smittie. Ons het al baie swaar gehad.

SMITTIE: *(ongemaklik, probeer die onderwerp verander)* Nou sal dit nie beter wees vir Tante en vir Jannie as julle dorp toe trek nie. Dan is hy darem weg van die treinspoor af en dan kan Tante rus vir Tante se siel hê.

TANT ANNA: Met geld wat waar is? As dit ook nie vir sy arme pa was nie, mag God sy siel in vrede laat rus, dan het ons niks gehad nie. Ons bly nog op sy spoorweg pension. Nugter weet hoe lank nog voor daai fonteintjie opdroog. Daar is nie luxeries soos dorpshuise nie.

SMITTIE: Ja, dit was 'n lelike ding wat gebeur het.

TANT ANNA: Dit was. En dat dit nou nog met arme Jannie ook moes staan en gebeur het.

SMITTIE: En wat sê ou Dok? Is daar nie iets soos 'n kalmeerpilletjie wat hy vir Jannie kan voorskryf nie?

TANT ANNA: Wat? Daai ou Kwaksalwer! Nooit as te never! Kyk hoe het hy my bloeddruk opgeneuk met sy kastige staaldruppels en vlugsout. Nee wat, ou Jannie karring maar eers so aan. Sy wietletjie sal draai. Ek glo dit. Hy moet net eers vrede maak met sy pa se dood. Dis al. En daai sal gesond word met tyd. Die arme kind het groot geskrik daai dag Smit. Geen kind wil sy eie papgedrukte pa tussen twee trokke se waens loop uithaal nie.

SMITTIE: Is so tante.

TANT ANNA: Ek kry swaar Smit. Ek kan nie meer aldag byhou nie. Wie gaan eendag vir Jannie sê as ek nie meer hier is nie?

SMITTIE: Ag tante moenie sulke goed dink nie! (*probeer haar gemoed lig*) Tante is nog jonk en jeukerig man! Komaan Tante! Wanneer gaan dans ons 'n slag op die dorp?

TANT ANNA: Hey! Jy moenie jou jeukerigheid aan my kom afsmeer nie! So gaan jy my nou sê?

SMITTIE: Wat sê tante?

TANT ANNA: Hoekom jy lyk of jy 'n budjie ingesluk het?

SMITTIE: Askies tante?

TANT ANNA: Wat is jy so chirpy vanmôre?

SMITTIE: Ag tante...ek...ek is sommer net in 'n goeie bui dit is al.

TANT ANNA: Smit jy praat bol! Jou skoene is gepolish, jou hare is gekam, jy ruik pure drive-in cologne – vry jy weer na ou Miem se dogter?

SMITTIE: (*baie skaam*) Nooit nie tante! Jislaaik, maar tante kyk mos 'n man uit sy klere uit...Nee tante, ek en Martie...daai gaan nie werk nie. Sy het mos 'n liefde in die stad gekry.

TANT ANNA: Ag man, Martie is so los soos my voorhekkie! Vergeet van haar!

SMITTIE: Haai tante.

TANT ANNA: So wie is die nuwe nooi?

SMITTIE: Sy kom vanmiddag met die trein tante. Ek moet haar kom haal op die stasie.

TANT ANNA: Ooo so! Kom sy van die stad af?

SMITTIE: Ja tante.

TANT ANNA: Nou hoe ken julle mekaar?

SMITTIE: Ons sal maar vanmiddag sien tante. Sy...sy is my kollega.

TANT ANNA: Smit, jy verduidelik soos jou gat. Jou kollega in wat?

SMITTIE: Hulle stuur vir ons 'n inspekteur van die stad tante. Om ons te kom bystaan met die saak van die vermoorde en vermiste meisies. Die inspekteur is 'n meisiemens tante...ek moet haar 2h kom haal.

TANT ANNA: Van wanneer af kry mens meisie poliesmanne! Jy moet passop Smit...Netnou is sy liever vir koejawels as vir kwepers.

SMITTIE: Huh? Hoe meen tante nou?

TANT ANNA: Moenie vir jou dom hou nie Smit. Die stad se mense is anders as ons jong. Vir al wat jy weet vry sy nog vir Martie onder haar kêrel uit!

SMITTIE: Haai tante. Dink tante regtig so!

TANT ANNA: Ek terg jou net Smit! Eet nog 'n koeksister, jou bek het nou heel suur getrek!
(*sy lag*)

SMIT: Tante sal mos 'n man op sy senuwees maak jong.

TANT ANNA: Ja toe. So kon julle nou al iets uitvind?

SMITTIE: Nee tante.

TANT ANNA: Hoeveel is dit nou al?

SMITTIE: Dit is al drie tante. Twee dood, een vermis.

TANT ANNA: Ai mag God met hulle wees.

SMITTIE: Die derde een se naam is bekend gemaak.

TANT ANNA: Wie?

SMITTIE: Molly.

TANT ANNA: Die Ingelse Predikant se dogter?

SMITTIE: Ja tante.

TANT ANNA: Dit is nou 'n gatslag.

SMITTIE: Dit is tante...en ons vermoed daar is heksery of satanisme betrokke, want...

(Jannie kom ingehardloop met sy trein)

JANNIE: Tlein! Tlein! Tlein! Mamma kyk die tlein kom...hy kom...tjoektjoektjoektjoek...poep-poeeeeeep! Klikkeklakkeklikkeklakke...Tlein..die tlein kom!

TANT ANNA: Wag nou Jannie. Speel mooi. Kom staan hier, steek in jou hemp en groet eers vir Smit.

JANNIE: Mit! Mit! Mit kyk my nuwe tlein.

SMITTIE: Hallo Janneman! My maggies jong! Kyk net hoe mooi is jou trein! Is dit 'n nuwe een?

JANNIE: Mit! Nuwe tlein. Mit – gun.

SMITTIE: *(haal sy geweer uit)* Who is there?

JANNIE: Who is there?

SMITTIE: Stick em up or I will shoot...

JANNIE: I will shoot...Kiet Mit! KIET! BANG! BANG! BANG! Ek kiet jou Mit! Bang!

SMITTIE: (*maak of hy getref is*) Aaaaaauugg....Auuuugggg...Bullseye!

JANNIE: Bullseye!

TANT ANNA: Ja toe nou genoeg van die doodmaak speletjies. Jannie loop speel met jou trein toe.

JANNIE: Jannie peel met jou tlein toe...toetoetoeeee! toetoetoeeee!

SMITTIE: Waar kry jy die mooi nuwe trein Jannie?

JANNIE: In die tad. By tannie Mollie. Sy gee my tlein. Toetoe...peel met jou nuwe tlein toetoeeee!

TANT ANNA: Dit is Maureen. Jannie, sê Maureen...

JANNIE: Molly. Jannie lief Molly. Jannie lief my tlein.

SMITTIE: Het sy dan kom kuier?

TANT ANNA: Wat? Daai ou Genesis geboorte? Never!

JANNIE: (*lag*) Genesis Geboorte...

TANT ANNA: Hy kan kamstig nie praat nie, maar vloekwoorde, die' kan hy vinnig optel en regsê!

JANNIE: Kakhuis!

TANT ANNA: Jannie! Ek was jou mond met seep uit! Magtag weet jy!

SMITTIE: Nou het sy die trein gestuur met die pos?

TANT ANNA: Ja. Die pakkie het eergister hier aangekom. Ewe mooi toegedraai in birthday papier. Vir Jannie se sweet sixteen. Blêrrie ou skynheilige slang.

SMITTIE: Haai tante, sy het darem goed bedoel.

TANT ANNA: Ag is nie man! Sy sus net haar gewete. Sy is die jongste suster en sy is tog so bang ek kom iets oor, want dan sal sy na Jannie moet kyk. Nou stuur sy jaar in en jaar uit geskenkies om haarself minder te laat skuldig voel, maar sy het nog nooit weer haar voete in die huis gesit na sy ongeluk nie. Seker bang sy malligheid is aansteeklik.

SMITTIE: Tante moet nie so praat nie. Jannie, kom ek kyk bietjie na jou trein toe? *(hy tel die trein op – skielik grom Jannie soos 'n hond en byt na sy hand)*

JANNIE: *(diep stem)* Los.

SMITTIE: *(skrik en pluk sy hand weg)* Shit.

TANT ANNA: Hey! *(sy slaat hom met die vadoek)* Jannie! Waar is jou maniere! My donner man.

JANNIE: My tlein. Los.

SMITTIE: Ek gaan hom nie breek nie. Ek wou net kyk.

JANNIE: Moenie vat nie. Jy mag nie vat nie. My tlein.

TANT ANNA: Skies Smit. Die kind is vol stront vandag. Het hy jou stukkend gebyt?

SMITTIE: *(vee sy hand aan sy broek af)* Dis okay tante. Dit is sommer net 'n skrapie.

TANT ANNA: Hey! Jannie! Hey! Sê jy is jammer. Jannie! Ek praat met jou. Sê jammer vir Smit.

JANNIE: *(gluur hom aan)* Jy mag nie vat nie.

SMITTIE: Ek sal nie weer nie. Belowe.

JANNIE: Ammer. Jy moet ammer wees.

SMITTIE: Ek is jammer Jannie. Nou jou beurt. Sê jy is jammer.

JANNIE: Ammer Mit.

SMITTIE: *(steek sy hand uit)* Vriende?

JANNIE: Jy nie my vriende. Net my tlein. Tlein...tlein...toetoetoeeee!

TANT ANNA: Ag los hom. Hy vergeet in elk geval sommer nou nou. Vertel my nou eers van die meisies.

SMITTIE: Ai tante, ek mag nie eintlik uitpraat nie.

TANT ANNA: Man vir wie gaan ek nou kan vertel...vir Jannie? Toe kom vertel.

SMITTIE: Dit is lelike goed tante. Die meisies....Hulle begin vermoed dat daar 'n reeksmoordenaar betrokke is by die moorde.

TANT ANNA: Hoe so?

SMITTIE: Ons het met die eerste twee verdwynings gedink miskien is dit die girls wat in die aand bietjie geld wil maak en dan raak hul verdwaald langs die spoor of misgis hulle met die aankomende treine....maar al die ligame wat ons sover gekry het word langs die treinspoor weggesteek. Hulle word toegepak met klippe en...en...

TANT ANNA: En wat...?

SMITTIE: Hulle is kaal tante. Almal van hulle.

TANT ANNA: Liewe jimmeltjie...

SMITTIE: Hulle gesigte is swart ingekleur met steenkool en hulle is gebrand met 'n warm yster. Van hulle se vingers is tot op die been gebrand. Die eerste meisie se been en voet is vergruis met 'n stuk ysterpyp, die ander een se kop is verbrysel met een van die spoorwegligte...hulle het tot stukkies glas onder haar tong gekry. En die vreemdste van als is – in elke meisie se naeltjie is daar 'n platgeryde R1.

TANT ANNA: 'n R1?

SMITTIE: Ja...met ander woorde, die moordenaar moet iewers al die klomp R1'e kry en hulle laat platry deur 'n trein. Dit is wat vir ons so vreemd is.

TANT ANNA: Klink vir my na 'n siek bliksem!

JANNIE: (*lag*) Siek bliksem! Siek bliksem!

TANT ANNA: Stil jy Jannie! Skies Smit.

SMITTIE: Die saak raak nou ernstig tante. Dit is hoekom ons vir Inspekteur De Lange aan boord wil kry voordat daar ‘n derde moord op ons hande is.

TANT ANNA: Ai Smit...Ai...

SMITTIE: So tante, ons gaan dalk môre weer hier kom draai as Inspekteur De Lange dalk ‘n paar vragies wil vra. Omdat tante-hulle so naby aan die spoorlyn bly sal enige inligting vir ons van hulp wees.

TANT ANNA: Smit, moet ek vir julle môre vlakoek bak?

SMITTIE: (*glimlag breed*) Bliksem tante! Sal tante regtig!

TANT ANNA: Jong, jy is so ‘n vrot vryer dat ons ‘n backup sal moet reghê om daai Inspectortjie op Velddrif te laat agterbly.

SMITTIE: (*spring op en soen haar*) Tant Anna, as ek net 10 jaar ouer was het ek tante nou gevra om met my te kys!

TANT ANNA: Hoor hoor!!! Grootbek. (*sy slaat hom met die vadoek*) Smit, wat jy nog moet leer het ek lankal reeds vergeet! Toe moet nie hier kom staan en leë beloftes maak nie – vat die skinkbord agtertoe. Ag jimmel tog Jannie, tel net jou trein se trokke en waens op. Magtag man, dit lyk soos ‘n stasie hier binne!

JANNIE: Stasie! Stasie!

Pietertjie kom ingehardloop. Hy is verskrik en hy kyk die heelyd agter hom. Hy stop voor tant Anna se huis.

PIETERTJIE: Konstabel Smit! Konstabel Smit! Konstabel Smit!

TANT ANNA: Wat de dickens gaan nou aan? Smit! Kom kyk hier!

SMITTIE: Ek kom!

TANT ANNA: Ja Pietertjie? Wat lyk dit of die duiwel jou jaag? Het hy jou nou uiteindelik in die hande gekry?

PIETERTJIE: Tante Anna, ek soek vir Smit.

SMITTIE: Dit is Konstabel Smit vir jou.

PIETERTJIE: Konstabel, Konstabel moet kom kyk...ons het iets gekry daar by die sleepers agter die waens van GoodStock.

SMITTIE: Wat neuk julle tussen die waens Pietertjie? Seker weer besig om die trokke se flappe oop te knoop en te kyk wat kan julle steel? Kom jy sommer saam met my hoofkantoor toe. Ek en jy het mos 'n paar sakies wat nog afgehandel moet word.

PIETERTJIE: Nee wag, asseblief Konstabel...Ek sweer op my erewoord. Seblief kom kyk.

TANT ANNA: Die mannetjie is wasbleek Smit. Dalk moet jy maar gaan kyk jong.

SMITTIE: Tant Anna, hierdie laaitie is mos Velddrift se eie James Bond. Hierdie is net 'n act tante, moet nie stres nie.

PIETERTJIE: Seblief Smit...!

SMITTIE: KONSTABEL SMIT! (*gryp hom aan die oor*) Dink jy ek weet nie dit is jy en jou bende wat die Hoërskool se kolletjies toegeverf het nie? Hmmm? Julle dink mos julle is groot meneertjies! En dink jy ek weet nie dit was jy en jou makkers wat 'n sak hondedrolle onder my kar se sitplek gelos het nie? Waar is Willie, Marais en Trienie? Ek is sommer lus en sluit jou toe tot hulle jou kom soek!

JANNIE: Honnedrol! Honnedrol!

TANT ANNA: Wragtig! So klein stront.

PIETERTJIE: Seblief Smit...Eina, eina...KONSTABEL Smit...ek...ek is jammer. Ek was nie deel van die hondedr...akkies onder jou sitplek nie en Willie-hulle het die verf uit my pa se werkswinkel gesteel. Ek sweer. My pa weet daarvan Konstabel. Hy het hulle almal geneuk. Dit was nie ek nie. Ek...dit is net ek wat jou kom soek het. Hulle het weg gehardloop...ek...seblief kom kyk...

SMITTIE: Ek weet nie Pietertjie. Jy weet ek is 'n baie besige man. Ek weet nie of nou tyd het om na jou liegstories te gaan kyk nie. Hoeveel keer oor 'n naweek dan bel julle in op my radio? Hmmm? Kom sê my! Dan as ek by die so-called crime scene kom is daar nie 'n crime of 'n scene van 'n dag oud nie! Nee wat ek is nou al dik vir julle storietjies.

PIETERTJIE: Dit is Molly!

JANNIE: Molly het my tlein gekoop. Pieteltjie...Molly het my tlein gekoop in die tad.

SMITTIE: Molly? Pietertjie, as jy vir my lieg sluit ek jou toe!

PIETERTJIE: Ek sweer op die bybel Konstabel! Dis Molly...Father Laurence se dogter. Ons...ons het haar gekry agter die trokke. Sy is kaal Smit...Ek dink sy is dood, want haar mond is oop en daar is 'n stuk steenkool ingedruk. En haar oë...haar oë is oop, maar hulle knip nie meer nie.

SMITTIE: Moer man, hoekom praat jy nie vroeër nie! Tant Anna!

TANT ANNA: Ag liewe jimmeltjie...

SMITTIE: Sluit die deure en maak vir Jannie toe in sy kamer. Kom Pietertjie kom wys my waar lê sy. Sluit toe Tante.

JANNIE: Ek het haar ook gesien.

TANT ANNA: Stil Jannie. Wag nou, Smit is besig met belangrike sake.

JANNIE: Molly. Ek het haar gesien. By die tlein. Sy lê by die tlein.

SMITTIE: Tant Anna? Hoe weet hy dit?

TANT ANNA: Jannie, wat praat jy? Wie het jy gesien?

JANNIE: Ek sien vir Molly. Sy wag vir die tlein saam met 'n ander man. 'n Lang man wag vir haar, maar sy weet dit nie.

SMITTIE: Jannie, wanneer het jy vir Molly gesien? Was sy saam met iemand by die treinspoor?

JANNIE: Spoor! Tlein loop op die spoor. Hy loop op Molly se spoor.

TANT ANNA: Hy is mal Smit. Toe jy mors tyd.

SMITTIE: Wag tante...dalk het hy iets beet. Jannie, praat gou mooi met my. Molly, wat onthou jy van Molly?

JANNIE: Sy het vir 'n tlein gekoop. In die tad. Molly het my 'n tlein gekoop en Jannie is lief vir Molly, want ek is nou 'n groot seun.

SMITTIE: Waarvan praat hy nou?

TANT ANNA: Van Maureen. Wat vir hom die trein gestuur het. Die name maak hom deurmekaar. Jannie?

SMITTIE: Jannie, het jy vir Molly by die die spoor sien staan?

JANNIE: Molly kom kiel nie by Jannie, sy stuur net my tlein. Molly bly in die tad.

TANT ANNA: Smit, die kind praat deur sy nek. Toe julle gaan te laat wees!

PIETERTJIE: Konstabel! Kom nou!

SMITTIE: Ek kom! Sluit toe tante. Ons wil nie nog moeilikheid hê nie.

TANT ANNA: Pas jou mooi op Smit. Veilig wees.

JANNIE: Sluit toe. Sluit toe...toetoetoetoeeee!

(trein wat fluit en ligte verdonker)

Toneel 2 – Inspekteur De Lange se kantoor

(die ligte gaan aan op 'n duidelike gespanne Konstabel Smit. Hy trap ongemaklik rond en weet nie waar om te kyk nie. Inspekteur De Lange se oë dwaal deur die kantoor)

SMITTIE: Inspekteur, dit is nou nie 'n 5star office nie, maar dit is beter as niks. Die hoekkantoor is darem ook so bietjie koeler – ons ander ouens braai heeldag bal..*(wil sê ballas, maar stop die sin dood)* b...b...

INSPEKTEUR: Ballas?

SMITTIE: Netso Inspekteur...net so. Nie dat ek sê ons sit heeldag en doen niks nie. Ek meen maar net dit is maar warm daar aan die Noordekant van die gebou, maar gelukkig het inspekteur darem ook die view van die rugbyveld van die Laerskool. Dan lyk alles op Velddrift darem nie so vaal nie.

INSPEKTEUR: Ek is nie hier om na die rugbyveld te kyk nie Smit. Dankie. Ek sal regkom verder.

SMITTIE: *(gaan onverstoord voort)* Hier is die ketel en 'n paar koffie-goetertjies. Daar is 'n yskas in die gang as Inspekteur melk soek of bederfbare produkte daarin wil stoor.

INSPEKTEUR: Dankie Smit. Ek sal regtig oraait wees verder.

SMITTIE: (*hoor haar skaars*) Die badkamer is af in die gang links en...en ja, ek dink dit is dit. Jammer dat Inspekteur nou gister op so ‘n manier by die treinstasie moes afklim. Hier gebeur maar min op Velddrift en die mense is maar uitgehonger vir skindernuus.

INSPEKTEUR: Ek sal nou nie ‘n moordtoneel in die skindernuushoekie wou plaas nie, maar nou ja, dit is seker te verstane – kleindorpiesindroom jy weet. In die stad sien ons vyf, ses moorde ‘n dag.

SMITTIE: Bliksem! Regtig Inspekteur?

INSPEKTEUR: ‘n Mens moet maar vinnig leer om hierdie net te beskou as ‘n werk en nie ‘n saak vir liefdadigheid nie.

SMITTIE: So...Uhm...is Inspekteur as ingesettle? Ek meen is die gastehuis oraait? Hulle sit altyd die jong getroude couples daar in vir hulle honeymoon night. Dit is al classy plek wat die dorp het...Nie dat ek sê ons is kommin nie...ek meen maar net, ek...ek het sommer gewonder of dit oraait is, want ek was nou vanselfsprekend nog nie in die honeymoon kamer nie...

INSPEKTEUR: Praat jy altyd so baie Smit?

SMITTIE: Nee Inspekteur. Ek bedoel ja Inspekteur...Ek...ek weet nie regtig nie Inspekteur. Ek is mos maar ‘n stil teruggetrokke outjie jy weet.

INSPEKTEUR: Smit kom sit.

SMITTIE: Ja Inspekteur.

INSPEKTEUR: Ek wil hê jy moet vir my ‘n briefing gee van die vermoorde meisies. Ek wil solank ‘n tydslyn begin opstel. Jy weet – ‘n tipe van ‘n timeline. Vertel vir my alles wat jy weet, wanneer die moorde en ontvoerings begin plaasvind het, enige verdagtes – die hele boksemdaais. As jy lief is vir praat soos wat ek aanneem jy is sal jy vir my ‘n tenvolle gedetailleerde opsomming kan gee van waarmee ons te doen het.

SMITTIE: Reg so Inspekteur. Waar moet ek begin Inspekteur?

INSPEKTEUR: (*sug*) By die begin Smit. En jy hoef nie elke keer vir my Inspekteur te sê nie asseblief. Jy is nie meer op skool nie.

SMITTIE: Ja Inspekteur, ek bedoel...nee ek sal jou alles vertel. Jy weet, hierdie is maar 'n stressvolle besigheid vir 'n man. Hierdie is my eerste groot saak waarby ek betrokke is, so ek wil nou nie hê hoofkantoor moet dink ek kan nie my job doen nie. Wat anyway useless is, want nou het hulle klaar 'n vrou op my case gesit asof ek dit nodig het.

INSPEKTEUR: Is dit direk op my gemik Smit?

SMITTIE: Hoe nou? Nee Inspekteur. Ek sê dit met alle respek! Onthou ek is 'n Boerseun Inspekteur, hier werk dinge anders as in die stad.

INSPEKTEUR: En as jy sê hier werk dinge anders neem ek aan jy bedoel mans boer en werk met hulle hande en vroulief staan kaalvoet en swanger in die kombuis?

SMITTIE: Haai Inspekteur. Ek het dit nie so bedoel nie. Jammer.

INSPEKTEUR: Is jy 'n sekssis Smit?

SMITTIE: 'n Wat Inspekteur? Sjoe, maar Inspekteur is sommer dadelik op die man af. (*hy knoop ongemaklik sy das los*) Ek het nou half gereken ek sal vir Inspekteur eers vat vir koffie, 'n ete, 'n date en 'n dans, maar as Inspekteur daai four easy steps wil skip is ek in.

INSPEKTEUR: Smit? Waarvan praat jy?

SMITTIE: Ons praat nou nie van die selfde ding nie nê?

INSPEKTEUR: Ek het gevra of jy dink vrouens is minderwaardig as jy?

SMITTIE: Nou klink dit glad nie meer soos die four easy steps nie...Skies Inspekteur, ek het die vraag verkeerd verstaan. Nee Inspekteur. 'n Vrou het net soveel reg as 'n man. En as sy haar job beter kan doen as ek dan vat ek dit soos 'n man.

INSPEKTEUR: Mooi. Dit is presies wat ek wil hoor. Nou verstaan my mooi Smit, jy is 'n nice ou, maar ek gaan nie saam met jou koffie drink, eet, date of dans nie. Ek is hier om jou...hoe het jy dit gestel – jou job beter te doen. Verstaan ons mekaar?

SMITTIE: (*seergemaak*) Ja Inspekteur. Ek verstaan.

INSPEKTEUR: Mooi. Goed, die moorde.

SMITTIE: Dit het so maand gelede begin. Sedertdien was dit een keer ‘n week ‘n nuwe moord. Daar is nou al drie meisies vermoor en ons vermoed, as dit ‘n reeksmoordenaar is sal die vierde een hierdie week beplan word.

INSPEKTEUR: En word die liggame elke keer by die treinspoor gekry?

SMITTIE: Elke keer Inspekteur.

INSPEKTEUR: Ek sien jy het in die verslag geskryf dat die liggame vermink word. Is daar ‘n patroon? Reeksmoordenaars neem gewoonlik ‘n trofee saam, ‘n haarlok of ‘n pinkie of ‘n oorbel. Enige sulke tipe patrone?

SMITTIE: Nee Inspekteur. Nie sulke dinge nie. Dit lyk of hy die meisies wou seermaak. Baie seermaak. Hy gebruik toerusting wat tot sy beskikking is en wat hy kan kry op die stasie of langs die peron en die treinspoor. Die tweede meisie se kop is inmekaar geslaan met ‘n spoorweglig. Al drie van hulle is gebrand met ‘n yster, geslaan, gemartel, swart gesmeer met steenkool en...en dan natuurlik mee gelol.

INSPEKTEUR: Gelol?

SMITTIE: Ja Inspekteur.

INSPEKTEUR: Jy bedoel tekens van seksuele dade?

SMITTIE: Ja Inspekteur.

INSPEKTEUR: En hoe oud is die meisies.

SMITTIE: Al drie is...ekskuus – was 16 jaar oud.

INSPEKTEUR: En het julle al ‘n nagwag opgestel?

SMITTIE: Nee Inspekteur. Ons het een keer vir ‘n week elke aand die spoor opgepas, maar dit was asof hy geweet het ons is daar. Hy het nie een keer daardie week toegeslaan nie. Dit was...dit was hoekom ons eers gister vir Molly gekry het. Hy moes gewag het tot ons opgepak het – sommer nog daai selfde aand.

INSPEKTEUR: En die platgetrapte R1’e?

SMITTIE: Hy sit elke keer ‘n R1 in hulle naeltjies Inspekteur. Daai tickle my gat. Ek verstaan dit nie.

INSPEKTEUR: En geen verdagtes nie?

SMITTIE: Nee Inspekteur.

INSPEKTEUR: Ek sien. Nou maar dan sal ons maar van ‘n kant af begin met die tyd wat ons het en al die inwoners wat in spoorweghuisies woon ondervra. Jy kom saam.

SMITTIE: Natuurlik Inspekteur.

INSPEKTEUR: En Smit...

SMITTIE: Ja Inspekteur...

INSPEKTEUR: Ek was nog nooit ‘n koffiedrink – girl nie...As ons hierdie saak oplos stick ek jou vir ‘n bier. Okay?

SMITTIE: Bliksem Inspekteur! Rerig Inspekteur?

INSPEKTEUR: Toe kom, voor ek van plan verander!

SMITTIE: (*wag tot sy uitstap en slaan dan met sy vuus in die lug*) YESSSSSS! Smit jou bliksem!

Toneel 3 – Tant Anna se huis

(Smit en Inspekteur De Lange kom gesels-gesels ingestap)

INSPEKTEUR: Dit is nog te vroeg om te sê Smit, maar almal met wie ons al gesels het se stories is dieselfde. Niemand het enige iets gesien of gehoor nie.

SMITTIE: Dan is ons luck nou finaal uit, want Tant Anna se huis sit die naaste aan die treinspoor – so sy sal heeltemal niks kon hoor nie. Dit raak maar raserig as die treine aankom. Ek hoor hulle waens teen mekaar kap tot doer anderkant die dorp waar ek bly.

INSPEKTEUR: Wie woon hierso?

SMITTIE: Hierdie is nou tant Anna en haar jongste seun Jannie. Hy is ‘n laatlammertjie gewees. Sy ma en pa se oogappel. En toe verongeluk sy pa en...(*tant Anna staan skielik voor hom en hy sluk sy woorde*)

TANT ANNA: Smit! Ek dog julle kom juis na my toe sodat ek die storie kan vertel.

SMITTIE: Môre tante...Skies Tante, ek het sommer net gou vir die Inspekteur 'n briefing gegee oor die...ag ek het nog nie veel vertel nie tante. Sorry Tante.

TANT ANNA: Briefing? Watse soutie-maniere is die nou? Jy klink nou nes 'n stadsjapie! Môre Inspekteur.

INSPEKTEUR: Môre Tannie. Ek is mal oor tannie se krismisrose.

TANT ANNA: Dankie man, dit is ook al wat kan groei op hierdie godverlate Velddrift. Kom in, kom in....die son steek vandag. Sit...ek kry vir ons gemmerbier. Smit, kom vat die skinkbord.

SMITTIE: Ja Tante.

TANT ANNA: Hou vir haar.

SMITTIE: Ek weet Tante.

INSPEKTEUR: My naam is Katryn tannie.

TANT ANNA: Katryn, my maggies kind, dit is nou 'n mooi naam. Het Smit nou al na jou begin vry?

SMITTIE: *(laat val amper die skinkbord en gooi die glase om)* Skies...sorry Inspekteur. Sorry. Skies...ek...ek kry gou 'n lappie.

INSPEKTEUR: Soos tannie kan sien is dit 'n ja.

TANT ANNA: Jy moenie te hard wees op hom nie. Hy is 'n goeie kind.

INSPEKTEUR: Hy is tante, maar ek wil liefs nie werk met plesier meng nie.

TANT ANNA: So wat maak so mooi meisie soos jy in die polisie?

INSPEKTEUR: Ag tannie dit loop in ons bloed. My oupa was 'n Inspekteur, my pa is een, en toe hy drie dogters kry toe is ek die lucky number three om daai gene dubbel en dwars te erf.

TANT ANNA: So jy is nie 'n mannetjiesvroujie nie! *(glase en 'n skinkbord val weer, van agter hoorbaar)* Jy weet skeef? Smit! Is jy oraait?

SMITTIE: Ja tante!

INSPEKTEUR: Nee tante! Ek is nie. (*sy lag*) Smit was reg. Tannie sê 'n ding nes hy is.

TANT ANNA: Nee maar dan is die saak reg. Smit jy staan anyway en luister af. Jy kan maar inkom.

SMITTIE: Tante, regtig waar. Tante steek darem vandag 'n man in die skande.

TANT ANNA: Man sjoesh jy. Die Inspekteur wil praat.

INSPEKTEUR: Tannie, ek wil graag net so bietjie meer van tannie-hulle weet. Hoe lank woon tannie-hulle al hier? Soos ek verstaan het tannie ook 'n seun?

TANT ANNA: O ou Janneman. Ja hy sal nou nou hier ingestorm kom. Hy is besig om vir hom 'n treintonnel te bou met 'n ou PVC pyp. Heeltemal obsesief met treine geraak na sy pa se dood en na die ongeluk.

INSPEKTEUR: Ek is bevrees ek ken nie die storie nie.

TANT ANNA: (*kyk vir Smit*) Dan het jy haar wragtig nie gesê nie?

SMITTIE: (*brom dikbek*) Ek het mos gesê ek het nie tante. Tante vertel in elk geval die storie oor en oor.

TANT ANNA: Man, jy sien ek en my man Jan woon al ons hele lewe lank op Velddrift. Hy was die stasiemeester. En ek sê nou vir jou – ou dolla, 'n beter stasiemeester sou jy nie kon kry nie. Altyd op tyd en so netjies jy kon hom deur 'n ring trek. Smart man, smart! Ons het drie seuns – Giel, Andries en Janneman. Giel boer naby Prieska, Andries het Bloemfontein toe getrek agter 'n girl aan en dan is daar nou Janneman.

INSPEKTEUR: En die ongelukke waarvan tante praat?

TANT ANNA: Ja man, dit was 'n lelike ding. Aan die begin van die jaar, dit was in Februarie, toe kom Janneman net so na twee in die middag hier aangehardloop. Heeltemal histories en vol bloed. Ma! Ma! Pa het tussen twee treintrokke ingeval! Ons was te laat. Jannie het hom probeer uithaal, maar sy lyf was pap gedruk. Die ribbes is dwarsdeur sy longe en sy kop was plat. Dit was 'n lelike storie.

INSPEKTEUR: Dit is verskriklik! Het Jannie dit sien gebeur?

TANT ANNA: Hy het ja. Hy het van die skool af gekom. Hy kies sommer altyd kortpad deur die veldjie en stap dan oor stasie toe.

INSPEKTEUR: Ek is jammer tant Anna.

TANT ANNA: Hy was so lief vir sy pa. Die twee helsems het altyd skelm spoorweg-koffie gedrink in die winter. Dan kom hulle al te jolig by die huis aan. Janneman was al van kleins af lief vir treine...hy wou ook soos sy pa Stasiemeester word.

INSPEKTEUR: En toe?

TANT ANNA: Hier moet Smittie maar help vertel jong. Die ding vat nog aan my.

INSPEKTEUR: Smit?

SMITTIE: Ja Inspekteur...die ding is...ek het een middag 'n vreeslike gegil gehoor. Dit het geklink soos 'n meisie wat skree, maar ek was 'n goeie tweehonderd meter weg, so man, 'n gil is 'n gil...Ek het nader gehardloop, want die gillery het van die stasie af gekom. Ek het tussen die trokke gesoek na die mens wat geskreeu het, toe kry ek vir Jannie. Hy het kopeerste tussen twee trokke ingeval. Ons het met hom dokter toe gejaag, maar ou Dok sê hy het sy skedel gekraak en daar is bloeding en swelling op die brein...

TANT ANNA: En since then is Jannie nie meer wie hy was nie. Hy is nou weer ses Inspekteur. Hy dink soos 'n kind. Speel heeldag met sy trein. Here, dit is verskriklik om hom so te sien...

INSPEKTEUR: Wat het hy dan op die waens gesoek?

TANT ANNA: Nugter alleen sal weet Inspekteur. Na sy pa se dood het Janneman rondgeloop soos 'n zombie. Ek het hom in die middel van die nag gekry waar hy soos 'n hond sit en huil op die treinspoor wat voor ons huis verby loop. Hy het gehuil, maar sonder trane. Nagmerries gehad. Wakker geword op die stasie, maar nie geweet hoe hy daar gekom het nie. Hy het sy pa gesoek Inspekteur. Hy het gerou. Ons vermoedens is dat hy weer in een van sy drome was en toe op die waens beland het, misgetrap het en geval het. My kind is nie meer wie hy was nie Inspekteur. Vra maar vir Smit.

SMITTIE: Ja dit is 'n slegte ding wat gebeur het.

TANT ANNA: Dit is die dat hy so lief is vir Smit. Smit het sy lewe gered.

INSPEKTEUR: Ek is so jammer oor alles Tannie. Dit is regtig verskriklik. Tannie, mag ek maar met Jannie gesels?

TANT ANNA: Jong, hy is nie vreeslik lief vir vreemde mense nie. Ek weet nie of hy jou sal toelaat nie. Hy het maar sy eie maniertjies. Hy het sommer nou die dag vir Smit gebyt!

INSPEKTEUR: Ek het kindersielkunde ook gestudeer tante. Ek sal graag kyk of ek hom dalk kan help met bietjie speltherapie. Kry hy nogsteeds die nagmerries?

TANT ANNA: Die nagmerries is darem al minder, dit is net die obsessie met die treine wat by die dag erger raak.

INSPEKTEUR: Hoe meen tannie nou?

TANT ANNA: Smit loop haal vir Janneman. Ek wil vrouemensgoed praat met die Inspekteur.

SMITTIE: Ja tante. (*stap brombrom uit*)

TANT ANNA: Wat brom jy Smit?

SMITTIE: Ek vra maar net waar is die vlakoek tante.

TANT ANNA: Ons sal koek eet as ons klaar is. Jimmeltjie tog die seunskind!

INSPEKTEUR: Tannie wou vertel van die obsessie met die treine...

TANT ANNA: (*begin sagter praat*) Ek weet nie wat om te doen nie Inspekteur, maar Janneman raak mal. Soos in heeltemal koekoes. As die trein aankom en hy hoor hom fluit beginne hy uit te slaan in hoendervel en koue sweet, hy skreeu, skuimbolle staan om sy mond, hy roep sy pa, sy oë dop om in sy kaste en dan wat my die meeste ontstel...hy raak opgewerk...jy weet?

INSPEKTEUR: Hoe meen tante?

TANT ANNA: Hy raak opgewerk soos 'n man.

INSPEKTEUR: Ek sien.

TANT ANNA: Ek weet nie wat gaan ek maak nie Inspekteur. Die lewe is so onregverdig. Arme Janneman het nooit eers die kans gehad om behoorlik na 'n nooientjie te vry nie. Hoe verduidelik 'n mens nou hierdie behoeftes aan hom. Hy is mos nou al 'n groot man.

INSPEKTEUR: Tante dit is heeltemal normaal. Onthou die hele liggaam reageer natuurlik op die adrenalienvlakke wat styg. Hierdie is normale tekens van PTS. Post Traumatiese Stres Sindroom. Ek sal baie graag vir hom wil help om hierdie angsaanvalle te kan beheer en te kan hanteer sodra dit toeslaan.

TANT ANNA: Haai kindjie, dit sal so wonderlik wees!

(Smit en Jannie kom ingestap)

Toneel 4 (opvolg van toneel 3 geen ligverdonkering nodig nie)

JANNIE: Tlein! Tlein! Mamma Jannie bou 'n tunnel wat loop tot by die boom. Met perskepitspore...vil die tlein. Toetoeeeeet! Tjoeke-tjaffe-tjoeke-tjaffe! Toetoeeeeet!

TANT ANNA: Janneman kom sit gou hier op die mat. Kom kyk, ons het nuwe kuiermense. Hierdie is Inspekteur...

INSPEKTEUR: Ek is Katryn Jannie.

JANNIE: *(sy oë blink)* Jy is tlein.

INSPEKTEUR: Katryn. Kan jy dit sê? KA-TRYN.

JANNIE: Tryn...

SMIT: My donner hy het nou net gesê trein!

TANT ANNA: Sharrap Smit. Laat sy met Janneman praat.

INSPEKTEUR: En sê my Jannie, hoe oud is jy nou?

JANNIE: Jy is Tryn.

INSPEKTEUR: Katryn.

JANNIE: Tryn.

INSPEKTEUR: Nou goed. Tryn. Jannie, sal jy my maatjie wees?

JANNIE: Jy wil Jannie se vriend wees?

INSPEKTEUR: Vriende. *(sy steek haar hand uit en hy skud dit)*

JANNIE: Vriende.

INSPEKTEUR: Mag ek maar na jou trein kyk?

JANNIE: Jy mag vat. Mit mag nie.

TANT ANNA: Dit is nou Smit.

INSPEKTEUR: Hoekom mag Smit nie aan jou trein vat nie?

JANNIE: Nee. My tlein. En joune. Jy my Tryn.

INSPEKTEUR: Jannie, hou jy van prentjies teken?

JANNIE: Hmm....

INSPEKTEUR: Sal jy vir my 'n prentjie teken?

JANNIE: Van 'n tlein?

INSPEKTEUR: Van 'n trein ja. *(sy haal 'n vel papier en vetkryt uit en hy val neer op sy maag en begin te teken)*

SMIT: Ek het nie eers geweet hy kan teken nie.

INSPEKTEUR: Dit is een van die grondbeginsels van kindersielkunde. Kinders druk hulle gevoelens en emosies makliker uit met kleur en beelde wat hulle oproep. Tante, ek gaan vir tante hierdie blik kryt en papier hier los. Moedig Jannie aan om elke dag iets te teken dan kan ek dit later ontleed.

TANT ANNA: My magtig Smit, maar jy het nou vir jou 'n agtermekaar girlfriend gekry!

SMIT: Sy is nie my girlfriend nie!

TANT ANNA: Ja toe. Soos ek gesê het: vrot vryer! Loop haal daai backup plan Smit. Kom ons eet koek. *(Smit verlaat die geselskap verlig en hulle lag)*

INSPEKTEUR: Tante, op 'n ernstige noot...het tante al ooit iets of iemand gewaar wat nie hier hoort nie? Tante weet, dalk soos 'n rondloper of iemand verdag?

TANT ANNA: Nee jitte my kind, ek hang nie heeldag oor my tuinhekkie nie. Ek weet nie. Ek hou maar altyd die gordyne toe in die somer en ek moet vir Jannie gaan toesluit in sy kamer en 'n kussing oor sy kop druk as die treine inkom, anders skop hy die voordeur uit sy kosyn. Ons kom maar min aan die voorkant van die huis.

INSPEKTEUR: Sal tante as tante ooit iets of iemand sien my dadelik laat weet asseblief? Bel sommer direk na my kantoor toe.

TANT ANNA: Natuurlik my kind. Ek sal jou dadelik laat weet as ek iets sien. Katryn, dink jy Janneman sal ooit weer normaal wees?

INSPEKTEUR: Ek weet nie tannie. Dit is moeilik om te sê. Ek dink hy het baie seer gekry, maar dit kan ook 'n geval wees van doelbewus kies om weer 6 jaar oud te wees, ek het al sulke gevalle behandel van volwassenes wat verkrag was en dan gekies het om weer soos 'n 6jarige te leef en op te tree, want dit was 'n ouderdom waar hulle veilig gevoel het. Om die onskuld weer te herleef en net weer onvoorwaardelik te kan glo soos 'n kind. Ek sê nie dit is die geval met Jannie nie, maar daar is 'n moontlikheid om dit te kan rehabiliteer.

TANT ANNA: Jy is 'n engel my kind. Dankie. Waar draai Smit met daai koek! SMIT! Liewe jimmel, het jy die koek weer loop staan en bak?

SMITTIE: Ek het net die skinkbord gepak tante.

TANT ANNA: My magtag Smittie, jy het tot blommetjies in 'n blompot gesit.

INSPEKTEUR: Dankie Smit. Dit lyk pragtig.

TANT ANNA: Nou toe, kom ons eet koek. Janneman wil jy koek hê?

JANNIE: Tryn! Tryn!

SMIT: Hy roep jou.

INSPEKTEUR: Kom ons kyk wat het jy geteken Jannie....OE dit is...m...(sy *skrik*) Smit...kom kyk hier. Dadelik.

TANT ANNA: Wat is dit? Wat het hy geteken?

SMIT: (*skrik*) Shit.

INSPEKTEUR: Jannie, kan jy vir my verduidelik wat het jy geteken? (*sy draai die prent na die gehoor, daar is 'n trein geteken met 'n bloederige massa tussen twee waens en 'n kaal vrou, in die agtergrond staan 'n polisieman*)

JANNIE: Tlein.

INSPEKTEUR: Wat is daai?

JANNIE: My tlein en sy tlokke.

INSPEKTEUR: En die?

JANNIE: Molly.

INSPEKTEUR: En hoekom jy haar so rooi ingekleur?

JANNIE: Sy het groot eina gekry.

INSPEKTEUR: En wat is daai?

JANNIE: Gun! Whose there...stick em up or I'll shoot!

SMIT: Jy is mal in jou kop man!

INSPEKTEUR: Sjuut Smit. Wat is daai Jannie?

JANNIE: Mit se badge op sy gun.

INSPEKTEUR: Smit gee vir my jou geweer...

SMIT: Maar Katryn...

INSPEKTEUR: Smit ek praat nie weer nie. Gee vir my jou geweer.

SMIT: Ek kan nie glo jy gaan hierdie mal moer glo nie! Inspekteur asseblief hier is 'n helse misverstand...

INSPEKTEUR: SMIT!

SMIT: Ja Inspekteur. (*hy haal sy geweer uit en gee dit vir haar*)

INSPEKTEUR: Is dit die sterretjie wat jy geteken het Jannie? (*sy wys vir hom die geweer met die leerskede waarop daar 'n ster gedruk is*)

JANNIE: Hmmm...

INSPEKTEUR: Ek sien. En wie is daai?

JANNIE: Mit. Mit is by die tlein. En by Molly. Mit is by Molly.

TANT ANNA: Here Smit...Wat het jy gemaak?

SMIT: (*amper in trane*) Asseblief! Asseblief julle moet my glo! Hy is deurmekaar man! Ons het gister nog gepraat van Tante Maureen wat vir hom die trein gekoop het en hy het haar Molly genoem. Tante het self gesê en gesien hy raak deurmekaar met die name. Hy het my geteken by die treine, want dit is waar ek sy lewe gered het...Asseblief. Inspekteur, Katryn asseblief man!

INSPEKTEUR: Smit, ek dink ons moet gaan.

SMIT: Iets is verkeerd met hierdie hele prentjie... (*sit sy hand op haar skouer*) Seblief, jy moet my glo.

(*skielik spring Jannie op en byt vir Smit aan sy hand*)

JANNIE: (*gaan staan voor Katryn en grom gevaarlik*) Los haar uit.

TANT ANNA: Jannie! Janneman nee! Moenie!

JANNIE: Los vir Tryn. Jy mag nie vat nie. Jy maak eina.

SMIT: Jy...Jy is mal in kop man! Katryn kom ons loop.

INSPEKTEUR: Smit, ek stel voor jy bly stil. Enige iets wat jy sê kan teen jou gehou word in die hof. Kom Smit, moet ek jou boei of gaan jy jou gedra.

SMIT: Ek glo dit nie! Gaan jy my nou boei soos 'n misdadiger?

INSPEKTEUR: As jy jou soos een gaan gedra sal ek moet voorsorgmaatreëls tref...Smit jy ken die drill.

SMITTIE: Jy...Jy glo hom tog nie regtig nie doen jy?

INSPEKTEUR: Kom ons gaan gesels verder by die aanklagkantoor. Dankie Jannie.

JANNIE: Jannie lief vir Tryn.

INSPEKTEUR: Ek is jammer ons het tannie se oggend kom omkrap. Ek sal tannie laat weet wat gaan vir wat.

TANT ANNA: Katryn, dink mooi. Daai kind sal nie 'n vlieg skade aanrig nie.

INSPEKTEUR: Tante, dit is gewoonlik hulle wat die grootste misdadigers is. Mooi dag vir tante. Tatta Jannie!

JANNIE: Toettoettoeeeeet! Katryn! Katryn! Toettoettoeeeeet!

Toneel 5 – Treinstasie

Die verhoog is donker en leeg. Katryn kom ingestap met 'n flits. Sy kyk gedurig agter haar asof sy iets of iemand hoor.

INSPEKTEUR: *(vir haarself)* Dit is pikdonker hier, jy sal niks van tant Anna se huis af kan sien nie, selfs al staan jy op haar sypaadjie. Haar ligte brand nog. Slaap seker nog nie. *(sy haal 'n bandmasjientjie uit haar sak)* Area swak belig en baie bebos. Treinspoor loop ongeveer 5km na regs en ongeveer 8km na links voor dit draai en uit gesigsveld verdwyn. Spoorweghuise sigbaar vanaf stasie, indien slagoffer sou skree sou dit op hoorafstand wees. Ou stasiegebou word nie gesluit nie. Moordenaar kry waarskynlik sy moordwapens vandaar. Geroeste pype en yster langs spoor. Bring onder die aandag van die munispaliteit om te kom opruim, te ontbos en straatligte voor spoorweghuise te vervang. Treinbrug ongeveer 12km van hier. Sal dit in daglig verder ondersoek. *(sy hoor skielik 'n geritsel en vlieg om)* Wie is daar? Staan stil of ek skiet!

SMITTIE: Moenie skiet nie seblief. Dit is net ek.

INSPEKTEUR: Smit? Wat de donner maak jy hier? Is jy mal? Ek sal mos vir jou vrek skiet?

SMITTIE: Ek...Ek het sommer net bietjie kom stap.

INSPEKTEUR: 10h in die nag? Smit...Ek is nie 'n bobbejaan nie. Kom een tree nader en ek skiet jou wragtig vanaand vrek!

SMITTIE: Katryn asseblief.

INSPEKTEUR: Ek kan nie glo jy het los gekom nie. Tipies platteland. Swaai net 'n titel voor hulle neus, pik 'n paar trane en jy kom los. Dink jy regtig ek sou jou laat gaan het. Net omdat jy nou kastig die barhartige Samaritaan en konstabel op die dorp is moet jy nie dink ek val vir daai act van jou nie.

SMITTIE: Katryn sit asseblief neer die geweer.

INSPEKTEUR: Wat maak jy hier Smit? Is dit jou lêplek? Is dit waar jy die meisies inwag voor jy hulle verkrag en vermink?

SMITTIE: Hoekom glo jy my nie! Magtig man! Dit was nie ek nie!

INSPEKTEUR: Jy vermy my vraag. Wat maak jy hier?

SMITTIE: Ek het kom kyk of jy okay is.

INSPEKTEUR: Jy lieg man! Hoe het jy geweet ek gaan hier wees?

SMITTIE: Ek..ek..(*skaam*) Ek het jou geagtervolg.

INSPEKTEUR: Smit, jy weet dat hierdie glad nie goed lyk in my of die gereg se oë nie. Jy is besig om vir jou lelik vas te draai en met my op die job gaan ek sorg dat jy jou nie gaan kan losdraai nie. Daarvoor sal ek sorg. Jy gaan sit Smit. Jy gaan lank sit.

SMITTIE: Katryn asseblief, iets is nie reg nie. Jy kan nie vroualleen hier rondloop nie. Ek was bang jy kom iets oor, ek wou net kom kyk of jy veilig is...ek...ek sweer dit. Asseblief jy moet my glo.

INSPEKTEUR: Smit, ek gaan tot drie tel dan wil ek hê jy moet op jou knieë gaan en jou hande agter jou kop hou.

SMITTIE: Ag bliksem tog! Jy glo my nie nê?

INSPEKTEUR: Nee ek doen nie! Sou jy Smit? Sou jy dit geglo het as jy in hierdie situasie was. Daai prent van Janneman...my magtig man, daai kind is getraumatiseerd. Hy het daai beelde van iewers af herroep. Jy het natuurlik nie geweet hy sien jou nie. Jy het ook natuurlik gedink hy is te dom om iets te kan onthou. En jy het geweet jou geheim is veilig by hom, want hy kan nie praat nie. Jy het mis getrap Smit. Jy het lelik mis getrap.

SMITTIE: Ek smeek jou! Dit is nie die waarheid nie. Ek wou net kom kyk of jy okay is. Vir wat neuk jy hier tussen die spore rond. Ek weet hierdie is nie die stad nie, maar jy is besig om met iets te speel wat jy nie ken nie. En jy is reg – Jannie is so mal soos ‘n blêrie kolhaas! Ek weet nie waar kom hy aan daai goed nie. Ek...ek het hom daai dag tussen die trokke gekry Katryn...since then was ek sy hero. Dit is hoe sy kop werk.

INSPEKTEUR: Hy het jou gebyt Smit. Toe jy aan my vat toe het hy jou gebyt. Hy wou my beskerm. Dit is hoe sy kop werk. Jy het dit self gesê.

SMITTIE: Ek sal loop Katryn. Ek sal huis toe gaan. Maar asseblief, wees net versigtig.

INSPEKTEUR: Dink jy ek is so stupid en goedgelowig om jou te laat gaan? Net sodat jy meer agter die volgende bos kan voorlê? Nee ou Smittie. Dit is wat iemand met ‘n graad anders maak as ‘n local konstabeltjie wat by die collage sy papiere gekry het. Sak en sit jou hande agter jou kop.

SMITTIE: Katryn.

INSPEKTEUR: NOU!

(Smit sak op sy knieë neer en dan klap daar ‘n ysterpyp en ‘n blackout volg, die geluid van ‘n trein wat aankom is weer hoorbaar tesame met iemand wat Kimberley se trein fluit)

Toneel 6 – Steenkoolkamer

(die verhoog is swak belig, oral staan swart sakke rond. Katryn sit op die vloer. Sy is vasgemaak met toue en haar mond is toegeplak, sy word wakker en knip haar oë om aan die skemer gewoond te raak – iewers fluit iemand Kimberley se trein)

INSPEKTEUR: *(mompel)* Help....Help my...(Jannie kom ingestap)

JANNIE: Tryn! Tryn! Tryn! *(hy gaan staan op sy knieë by haar en trek versigtig die kleefband af)* Tryn, jy het eina gekry!

INSPEKTEUR: Jannie...Jannie, jy is hier! Wat maak jy hier?

JANNIE: Jannie kom kyk die tleine...tleine ry in die nag deur die tonnel.

INSPEKTEUR: Mooi Jannie! Baie mooi! Jannie luister nou baie mooi...

JANNIE: Hmmm....

INSPEKTEUR: Ek wil hê jy moet so vinnig soos die wind hardloop na jou mamma en vir haar sê sy moet dadelik die polisiekantoor bel...

JANNIE: Tlein...Mit kom met die tlein. Jannie is bang vir Mit.

INSPEKTEUR: Ek weet, ek is ook bang vir Smit, maar jy moet gou hardloop en jou mamma gaan wakker maak en vir haar sê sy moet die polisie bel dan kom wys jy hulle waar is ek – verstaan jy.

JANNIE: (*giggel*) Tryn hoef nie meer bang te wees vir Mit nie.

INSPEKTEUR: Jannie luister na my, hy gaan ons altwee baie eina maak as jy nie jou mamma gaan sê nie.

JANNIE: Mit kan nie meer eina maak nie.

INSPEKTEUR: Jannie luister...

JANNIE: Smit is weg Katryn. Veeeeeer weg. Die trein het hom kom haal.

INSPEKTEUR: Jannie? Wat...wat gaan aan?

JANNIE: Wat sê jou kindersielkunde nou? Hmmm? Jy is te groot vir jou skoene dolla. En jy het kom krap waar dit nie jeuk nie.

INSPEKTEUR: Jannie...wat is nou fout met jou Jannie?

JANNIE: Niks. Geheel en al niks nie Katryn. Ek moet sê jy was nie ver verkeerd nie. Dit voel nogal veilig om ses jaar oud te wees. Tenminste los almal jou uit, want hulle dink mos jy is mal. Maar toe kom krap jy en Smit my goed deurmekaar.

INSPEKTEUR: Dis jy...Jy is die....

JANNIE: Skote Petoors! Ek kan steeds nie glo jy het vir daai prentjie geval nie. Jy moet leer om minder jou verbeelding te gebruik dolla. 'n Mens se kop kan gevaarlike speletjies met jou speel.

INSPEKTEUR: Ek...ek verstaan nie...

JANNIE: Jy sal nie. Jy het die spoor heeltemal verbyster my pop. Jy weet eintlik maar nog niks.

JANNIE: Dink jy ek is stupid Katryntjie....Wie gaan jou kom soek? Niemand weet jy is hier nie, behalwe arme Smittie...Wat het jy netnou vir ou Smittie gesê.... Dit is wat iemand met ‘n graad anders maak as ‘n local konstabeltjie wat by die collage sy papiere gekry het. Dit is wat ‘n moordenaar anders maak as ‘n Inspekteurtjie wat van die stad af kom – ons dink altyd een stap vooruit.

INSPEKTEUR: Waarvan praat jy?

JANNIE: Weet jy hoekom sien of hoor niemand ooit iets nie? Want ek wag elke keer tot die trein kom voordat ek hulle voorlê. Daai gillettjies word blitsvinnig gesmoor deur ‘n duisend ton staal op wiele – niemand sal jou hoor nie.

INSPEKTEUR: SMIT! SMIT!

JANNIE: Smit gaan nie kom nie Katryntjie. Sy kop is pappeslaan en hy lê agter op die trok wat môre 8h Kaap toe loop. Shame. So het hy toe nou nooit jou gevra om te kys nie. As jy wil sal ek met jou kys. Jy het mos nou gehoor wat my ma sê – ek het nog nooit eers na ‘n nooientjie gevry nie.

INSPEKTEUR: Los my uit! Seblief los my uit!

JANNIE: Ontspan Tryntjie...Ontspan. Jy sal nog eers ‘n rukkie moet wag. Ek moet nog eers jou geldjie gaan haal.

INSPEKTEUR: My geldjie?

JANNIE: Jou R1. Ek wag vir die volgende trein dan gaan ons lekker speel.

INSPEKTEUR: Help! Smit! HELP!

JANNIE: Sjuut nou...jy maak jousef net moeg. Kom – slaap nou bietjie. Die trein gaan nou nou hier wees. *(fluit)* Toettoeeet...*(fluister)* .sjuuut....

Hy plak weer haar mond toe en hou haar styf vas terwyl sy vermoord probeer gil. Hy vryf saggies oor haar gesig terwyl hy Kimberley se trein fluit en haar op haar voorkop soen. Die ligte doof uit.

DIE EINDE